Hi ouens

Ek het hier iets voorberei, bloot as ‘n voorbeeld vir wat julle kan doen. Ek het Elía as ‘n voorbeeld geneem. Kyk in Hebreërs 11:32 – “...en die profete sou verhaal,...”. In vers 35 staan daar “Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry,...”

Toe gaan lees ek die geskiedenis van Elía en skielik kom daar soveel inligting na vore. Elía was dikwels getoets, soveel so dat hy dikwels moedeloos geword het. Sy lewe was een van geestelike hoogtepunte en laagtepunte. Eers moes hy by die weduwee van Sarfat gaan bly (1 Konings 17:9). Hier gebeur ‘n wonderwerk. Die meel en die olie het nie opgeraak nie. Saam met die wonderwerk kom toe ‘n groot toets – die dood van die weduwee se seun. Sien 1 Konings 17:17. Die weduwee is uit die aard van die saak ontsteld. Elía genees egter die kind deur sy geloof, en die Here verhoor hom (vers 22). Die vrou erken Elía se gesag as ‘n man van God (vers 24).

Elía was waarlik ‘n man van God, en ‘n onwrikbare geloof. Dit het egter nie beteken dat hy nie ook soms wou opgee nie. Dit is menslik. Sy grootste oorwinnings het ook groot teleurstellings en laagtepunte tot gevolg gehad. Sien 1 Konings 19:1-4. Weer help die Here hom, deurdat hy deur die engel versorg is. Net daarna is daar weer ‘n geval waar Elía amper wil opgee. Sien 1 Konings 19:10. Gaan lees nou Romeine 11:3-4. Paulus verduidelik dat Elía se hoop gestel was op ‘n dag wanneer sy volk die Here sou dien. Daardie dag moet nog aanbreek vir Israel van vandag.

Elía se hoop was, soos al sy gelowige tydgenote, op die volle geestelike herstel van sy volk. Het dit in sy tyd gebeur? Beslis nie. Dit het hom egter nie gekeer om ‘n hoopvolle toekoms te hê nie. Wat beteken Elía se verhaal vir jou en my? Net soos wat daar geestelike hoogtepunte is, gaan daar ook geestelike aanslae wees. Ons moet egter aanhou om ‘n hoopvolle toekoms te hê.

Ek hoop dat Hebreërs vir julle groot waarhede van die Ou Testament sal oopmaak. Gaan lees gerus die geskiedenis deur die bril van die skrywer van Hebreërs (waarskynlik Paulus of Apollos) en sien hoe God se plan in werking is, maar al daardie gelowiges moet wag sodat ons saam met hulle volmaak sal word (Hebreërs 11:39-40).